DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XII. Vrydag 6 September 1957. No. 13.

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

## *Grepe uit die massavergadering.*

# Moet aan Bach 'n Erekleurbaadjie toegeken word?

Hoewel die kommissie van ondersoek na die weslikheid al dan nie dat die Studenteraad erekleure toegeken op 'n ander gebied as die van sport, net riglyne aan die massa gestel het, was dit tog nodig aangesien dit reg is dat die massa op hoogte van sake gehou word, sodat sy mening ontvang kan word, waardeur verdere lig op leemtes gewerp kan word.

Interessant is dat hierdie saak reeds in die notuleboek van die S.R. van 1949 voorkom, met tussenposes te berde gebring is en in 1952 afgesluit is met die herroeping van 'n vorige bekragtiging.

Aanbeveel word dat toekennings wel op ander terreine en by name die van kultuur o.l.v. die A.B.K.K. en van die Verenigingslewe gemaak sal word met dien verstande dat akademiese prestasies absoluut geen rol speel nie. Die vergadering is van gevoele dat eretoekenings op ander terreine as die van sport nie by wyse van 'n kleurbaadjie moet geskied nie. Die S.R. sal egter ook die minderheidsaanbeveling in ag neem.

Verder word aanbeveel dat bekers en erelapelwapentjies, die koste waarvan deur die S.R. gedra sal word, aan verdienstelike persone toegeken sal word op aanbeveling van 'n erekleure komitee. Ook wisselbekers sal soos in die geval van sport uitgereik word, terwyl die reglement van die sporterekleure hersien moet word.

Medaljes, op onkoste van die S.R., sal toegeken word vir prestasies in algemene kring, d.w.s. die hele terrein deur kultuur in breë sin en sport gedek.

As laaste aanbeveling word gestel dat die saak finaal afgehandel word en dat die stelsel so gou as wat dit prakties moontlik is, in werking sal tree en van terugwerkende aard sal wees tot 1957.

## VREUGDEDAG KRY NUWE VOORKOMS. KOMMISSIE BEVEEL GROOT VERANDERINGS AAN.

Ten einde van die Vreugdedag 'n groter sukses te probeer maak en die haakplekke van die verlede uit te skakel, is 'n Kommissie benoem om op die hele aangeleentheid in te gaan. Tans is die verslag aan die S.R. voorgelê en word verwag dat daar groot veranderings sal intree in die Vreugdedagvierings van die toekoms.

**BEVINDINGS:**

Ten opsigte van die werksaamhede van die vreugdedagkomitee, is bevind dat dit glad te eng is. Dit is tans net gemik op die Vreugdedag self en die kollekte. Die rede hiervoor is die gebrek aan belangstelling by die studente en die feit dat die werksaamhede op 'n moeilike tydstip 'n aanvang neem.

Ook die samestelling van die Vreugdedagkomitee ry deeglike werkverrigting in die wiele deurdat dit te laat in die jaar saamgestel word. Daarby is die wyse van samestelling van hierdie komitee te lomp en amslagtig en te min aandag word aan kontinuïteit gegee.

Sover dit „Die Pukkie" betref, is gevoel dat dit te laat verskyn om ten volle aan sy doel te beantwoord, wat onder andere insluit om die Vreugdedag vooraf te adverteer.

**AANBEVELINGS:**

Daar word aanbeveel dat die aksies op Vreugdedag soos gewoonlik voortgaan, maar dat aandag gegee word aan verbeteringe, by voorbeeld deur minder maar BETER AFGEWERKTE VLOTTE te bou en dat in hierdie opsig groter geleentheid vir die aanwending van eie inisiatief gelaat word. Daarby moet die komitee sig toespits op ander terreine by voorbeeld KOMPETISIES, HOFKONSERT, TIEKIEAAND, BOERESPORT ens. nie alleen met die doel om geld in te samel nie, maar ook om werklik vreugde aan die studente en die publiek te verskaf. Ten einde hierdie doelstellings te verwerklik word ook versoek dat die nodige veranderings in die reglement aangebring word.

Daar word ook aandag gegee aan die SAMESTELLING VAN DIE VREUGDEDAGKOMITEE. Die nuwe komitee moet so gou moontlik na Vreugdedag saamgestel word, by voorkeur voor 31 Mei. Dit sal dan meebring dat die Vreugdedag voor 15 Mei moet plaasvind. Hierdie komitee sal ook 'n dagbestuur hê wat baie nodig is in gevalle waar belangrike besluite soms haastig geneem sal moet word. Dit sal bestaan uit die

- Voorsitter
- Onder-Voorsitter
- Sekretaris
- Penningmeester
- Organiseerder.

Op aanbeveling van hierdie dagbestuur, benoem die Studenteraad nog drie addisionele dames- en twee manslede. Aan hierdie komitee sal dan vryheid gelaat word om op eie inisiatief persone te benoem met elk sy eie werkterrein, by voorbeeld: kompetisies, vervoer, advertensie, ens.

Om sake verder te vergemaklik en te sistematiseer sal die Vreugdedagkomitee van die begin van elke jaar aan die Studenteraad 'n werkprogram voorlê en indien moontlik ook die name van die persone wat hul as konvenors van die bogenoemde afdelings wil aanstel. Verder sal ook gepoog word om op een of ander manier kontinuïteit in die komitee te bewerkstellig.

Ook aan „DIE PUKKIE" is aandag gegee. Die eerste belangrike aanbeveling in die verband was dat die huidige Redaksie die van die volgende jaar soveel moontlik sal help. Ook hier moet die Redaksie en die Administrasie voor 31 Mei saamgestel wees ten einde vroegtydig met die werksaamhede te begin. Daarby sal dan gepoog word om „Die Pukkie" reeds voor die aanvang van die akademiese jaar te laat druk en dit lank voor Vreugdedag te versprei. Sodoende sal Vreugdedag dan vooraf bekendgestel word. Ten einde dit moontlik te maak om die medewerking van alle studente sover moontlik te verkry, sal met dosente nouer geskakel word om verligting van akademiese werksaamhede tydens die Vreugdedagbedrywighede te bewerkstellig.

Met hierdie ambisieuse poging om Vreugdedag te verhef uit die floute waarin dit verval het, kan elke opregte Pukkie saamstem. Wat veral te waardeer is, is dat die waarde daarvan om persone toe te laat om feitlik onbelemmerd eie inisiatief aan die dag te lê, ten volle besef word. Mens wonder net of dit nie moontlik sou gewees het om Vreugdedag nog vroeër te laat plaasvind nie, want gedurende die eerste kwartaal van die jaar is die akademiese laste nie so swaar as in die tweede nie. Daarby sou dit aan eerstejaars die geleentheid gee om vroeg reeds van nader kennis te maak met talle van die seniors met wie hulle sal moet saamwerk.

ADVERTEER IN „DIE WAPAD"

MALAN MEUBILEERDERS

S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,

POTCHEFSTROOM.

•

KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

DAMES!!

Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT

teen baie redelike pryse.

OOK ALLE TOILETWARE.

Kom besigtig ons nuwe SOMERVOORRAAD

CACHET MODES (EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92 — FOON 1389.

POTCHEFSTROOM

S. A. N. L. A. M.

Word verteenwoordig deur

Mnr. J. Venter

Dawie du Plessis, Heimat,

Piet Grobler-huis,

Teologiese studente.

Mnr. H. van Rooy

Klawerhof, Ons Huis, Postma Huis, Uitspan, De Klerk Huis.

Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.

LOOCK & KEENEY

Kleremakers

Calderbanksgebou,

Kerkstraat 150 — Telefoon 855.

POTCHEFSTROOM.

TURKSTRA BAKKERY

(Edms.) Bpk.

Kerkstraat 61.

RAADPLEEG ONS VIR . . .

• BROOD

en

• ALLE KOEKSOORTE.

ELKE DAG VARS . . . .

J. TOD SUTTIE.

Komplete

Mansuitrusters

Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.

Kerkstraat 177 — Telefoon 1,

POTCHEFSTROOM

KOM SIEN ONS—

vir al u

• Fotografiese

en

• Aptekersbenodigdhede.

GEEN & VELLEMAN

Kerkstraat,

POTCHEFSTROOM.

Drink S & S en Geniet

DIE BESTE

SUPER ORANGE

TING-A-LING

PEP-A-DILLA

TOP HAT

SHERR & SHAKINOVSKY

POTCH. MINERAL WATER FACTORY

Phones 16 & 1144 P.O. Box 134

*Die Wapad*

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

Vrydag 6 September 1957.

REDAKSIE

Hoofredakteur: D. C. Coetsee; Onder-Hoofredakteur: A. Myburg; Nuus: F. J. du T. Lessing, H. Dykstra, Mej. M. Willemse; Kuns: Mej. R. Dekker, J. B. du Plessis; Sport: P. Riekert, Mej. R. Bruyns; Varia: I. van der Walt, J. A. du Plessis, Mej. B. van Rooy; Aflos Mej. L. Heslinga; Fotograaf: J. van der Walt.

ADMINISTRASIE

D. Yssel (Sakebestuurder); J. B. W. le Roux (Advertensiebestuurder); Mejj. C. Kruger, E. M. Kruger, A. Davel, Mnre. E. J. de Villiers, E. Howaldt, W. J. van der Merwe, J. P. Marais, L. J. Swart, R. G. P. Vorster, A. J. Pretorius.

# *Afdraende ? Nimmer!*

Die toekoms begin in die hede en wortel in die verlede. Ons studentelewe staan voor die aanvang van 'n bloeitydperk. Wanneer hierdie „goue eeu" presies gaan intree, of wat die uitstaande kenmerke daarvan gaan wees, kan selfs 'n weerprofeet nie voorspel nie. Maar dat dit kom—en wel binne afsienbare tyd—staan vas.

Waarom?

Veral drie hoofsake slaan in die oog.

Gesonde studentelewe sonder 'n gesonde STRUKTUURSAMEHANG is onmoontlik. Ons studentelewe moet langs vaste bane beweeg—anders is daar chaos. Maar as hierdie bane nie duidelik afgebaken en doeltreffend is nie, kan van die beweging van ons studentelewe nie veel tereg kom nie. Die bane is steeds daar; hulle is, en word, voortdurend skoongemaak. Die kanale waarlangs die lewenskrag van ons studentelewe kan en moet voortstu, is in beginsel kerngesond. En daarom in die eerste plek die skoner toekoms.

'n Kanaal sonder water is egter nutteloos. Ook die LEWENSRKAG moet aanwesig wees. Die duidelikste simptoom dat 'n skoner toekoms as't ware op bestelling is, lê in die ywer, toewyding en bekwaamheid van die jonger geslag. Ons leiers (in beginsel) is gereed vir die toekoms; en die volgelinge (in beginsel) boesem eweeens vertroue in, want én leier én volgeling moet steeds onafskeidbaar en sterk staan. Leiers sonder volgelinge baat niks en 'n volgeling wat bloot by elke pouse luidkeels „goedgekeur" uitjubel, is geen volgeling nie. Daadwerklike belangstelling, die vrymoedigheid om die inisiatief te neem en 'n besef ook van individuele verantwoordelikheid dwarsdeur ons studentegemeenskap, is essensieel vir 'n kerngesonde studentelewe. En omdat dit in die afgelope tyd so sterk na vore getree het, die hoop op die grootse toekoms.

Veral een saak ontbreek egter nog. Hiersonder bly die aanbreek van die skoner dageraad 'n blote hersingskim. Hiersonder is ons toekoms afdraende en sonsondergang. ROEPINGSBEWUSTHEID. Maar ook dit openbaar ons studentegemeenskap in steeds toenemender mate. Daar is werk wat gedoen moet word: mag die besef hiervan dan „Komaan!" die onuitgesproke woord op die lippe van elk van ons studente maak, want dan is die heerliker toekoms daar.

Die toekoms begin in die hede en wortel in die verlede.

Ook die skoner toekoms staan nie los van hede en verlede nie. Dit het in kiem reeds begin. Wat wel nog moet aanbreek

# Oordenking

## 'n Blymoedige arbeider.

Psalm 104:23. „ Die mens gaan uit na sy werk en na sy arbeid tot die aand toe."

Hierdie Psalm is seker een van die verhewendste beskrywings van die heerlikheid van die skepping. Die bewerkers van die Afrikaanse Bybel het bo aan as opskrif geplaas „Die lied van die skepping". Die lig en die firmament, die wolke en sonskyn, die plante en diere, alles tesame gee getuienis van die majesteit en heerlikheid van die Skepper en Onderhouer.

Dit is nie alleen die hele beeld wat die vurige lof aan God verkondig nie, maar ook uit die afsonderlike taferele straal die lof aan die Here.

Telkens bring die psalmdigter 'n nuwe tafereel te voorskyn. En elkeen is wonderskoon afgerond en vorm 'n skone harmonie. Die fonteine in die berge is vir die wilde-esels om hulle dors te les; die seders van Libanon wat God geplant het is vir die voëls om hulle neste in te maak; die hoë berge is vir die steenbokke en die rotse is 'n skuilplek vir die dasse.

Hoe heerlik sluit in hierdie wonderskone skepping nie die een ding by die ander aan nie? Eers as die ooievaar in die hoë toppe van die sipresse nestel is dit asof die volledige lofjubel opstyg tot God.

En soos die digter die een beeld na die ander voor ons oog laat verrys so bring hy ook aan die beurt die reëlmaat en weldadige wisseling van die tye. Die nag het ook 'n doel in die skeppingsorde. „Die jong leeus brul om roof en begeer hulle voedsel van God. As die son opgaan, trek hul terug en gaan lê in hulle slaapplekke".

En net so natuurlik en bymekaar behorend soos die roofdiere en die nag, so is vir die digter die mens en die arbeid. Hy laat dan ook direk daarop volg: Die mens gaan uit na sy werk en na sy arbeid tot die aand toe".

Net soos die wilde-esel by die bergstroom en die ooievaar in die sipresse, so pas die mens by sy arbeid. Mens en arbeid . . . . 'n volkome harmonie! Maar dit sluit ook heerlik aan by die geheel van die skepping. Sonder hierdie tafereel van die mens wat arbeid sal die geheelbeeld onvolledig wees. Daarom dat die digter dit so van selfsprekend laat volg.

Die sonsopgang het vir die mens alles in gereedheid gebring en die beeld wat ons nou kry is 'n blymoedige arbeider wat uitgaan na sy werk. Selfs die feit dat die arbeid tot die aand toe voortduur versteur nie die skone harmonie nie.

Inteendeel: 'n arbeider wat die arbeid sien as 'n las en 'n onvermydelike kwaad sal nie in hierdie prentjie pas nie. Hy wat arbei alleen terwille van die loon, waarmee hy lewensgenot kan koop sal 'n skrille disharmonie veroorsaak.

'n Blymoedige arbeider besig met sy dagtaak.

Dit is 'n beeld wat volkome inpas in die skeppingsgeheel. Dit verkondig lof aan God die Here.


En aan die mens is dit nie 'n onmoontlike eis nie.

God skenk aan elkeen 'n natuurlike aanleg en talent, maar nog meer: Hy roep elkeen deur 'n inwendige roeping tot sy taak.

Wat 'n groot voorreg is dit nie, geagte medestudent, dat ons ons rustig kan voorberei vir 'n lewenstaak en roeping. Mag God self, ons bekwaam tot die arbeid.

Mag ons ook wees blymoedige arbeiders want dit is 'n beeld wat volkome inpas in die skeppingsgeheel.

HEIN KRUGER.




P.U. vir C.H.O.,
6 September 1957.

Geagte Pukke,

Met die koms van die lente begin die studenteaktiwiteite so stadigaan afneem. En as daar mense is wat bly voel omdat hulle ampstermyn end se kant toe staan, is dit die Redaksie van Die Wapad, want die werksaamhede van die jaar was nogal veeleisend.

U het seker in die afgelope tyd 'n aantal nuwe hoofde vir die verskillende rubrieke bemerk. Vir diè kunswerke is mnr. Jurie Gouws-Venter verantwoordelik. Vir al sy moeite daarmee wil ons hom hartlik bedank.

Kort-kort word klagtes gehoor van verskillende persone by wie Die Wapad laat of gladnie afgelewer word. In baie gevalle blyk dit dat die klaers persone is wat van adres verander het. Ons sal dit waardeer indien u 'n briefie met u nuwe adres in die posbussie van Die Wapad sal gooi. Ook al het u nie van adres verander nie, maar om die een of ander rede word Die Wapad nie gereeld by u afgelewer nie, sal ons dit op prys stel indien u u klagte in die verband skriftelik sal indien.

Vir die jaar wat voorlê word sommer groot lugkastele vir ons studentekoerant gebou. Tans dien 'n lywige memorandum voor die S.R. waarmee 'n algehele opknapping van die Redaksie, Administrasie en die voorkoms van die blad beoog word. Vir diegene van u wat vanjaar die P.U. vir C.H.O. verlaat, en dus nie Die Wapad met die nuwe voorkoms sal sien nie, word spesiale geriewe geskep om ook in die groot vreugde te deel. Daar word naamlik deur die Administrasie reeds voor sluiting van die PUK met alle laastejaar studente geskakel om te hoor of hulle nie ook in die komende jaar op hoogte sal wil bly met die verwikkelinge aan hulle Alma Mater deur op Die Wapad in te teken nie. Ons hoop dat alle Pukke wat vanjaar weggaan gewillig sal wees om op die wyse vanaf hulle kapitalistiese staanplek in die buitewêreld, hul ware belangstelling in PUK te bewys.

Hiermee sê ons maar weer totsiens aan die Pukke en wens hulle 'n opwindende verkiesingsweek toe. Mag elkeen daarna die groot skrik vir die eksamen vang en die neus diep in die stowwerige aantekening- en handboeke wegbêre.

D. C. COETSEE.

## 'N GOEIE JAAR.

Om veel tot stand te bring, het mens nodig 'n ideaal.

Die Alabama Studente-Orkes besef dat vanjaar 'n goeie jaar (nie alleen finansieel nie!) was; dat daar altyd gebou kan word; dat kritiek nodig is om nog meer te doen en dat 'n goeie studente-gees nodig is om van 'n Orkes 'n **Studente**-orkes te maak! Nieteenstaande die musiektalent vanjaar tussen die P.U.-musiekvereniging en A.S.O. verdeel was nie, was die A.S.O. in staat om 'n groot deel van sy ideaal te verwerklik.

Die A.S.O. was verantwoordelik vir 'n opgewekte stemming in die kafeteria; vir musiek tydens Intervarsity; vir 'n stewige bate aan die S.R.-uitbreidingsfonds en A.T.K.B.-fonds. Benewens die 2 toere, plaaslike opvoerings, deelname aan „Studentevaria", gaan die A.S.O. op die 6e September voor die Loopspruitskool se leerlinge optree.

Die inhoud van die aangebode verskeidenheidskonsert was deurgaans van hoë gehalte. Kritiek wat hierop uitgeoefen is was nie verniet nie—ook die A.S.O. trag steeds om die ongeskrewe „In U Lig" langs die weg van musiek en spele te weerspieël. Daarom sal die Alabama ook aandag gee aan die item: „Van die Os op die Bossiepol", wat moontlik seker persone met sodanige gebrek (hakkel) kan seermaak.

Vir almal van u wat Saterdagoggende ontspanning soek of 'n instrument magtig is: een van die dae sal die A.S.O. sodanige geleentheid bied! !

(Vervolg van bladsy 2.)

is die wasdom, die rypheid, die afronding van hierdie aanvoorwerk.

Vir die hede en die verlede dan opregte dank en waardering aan elke komitee- en bestuurslid, die Studenteraad, die owerhede van ons Universiteit en—veral—aan alle stille werkers in ons breër studentegeledere.

Vir die toekoms, die skoner toekoms, ons seënbede oor hulle wat op hierdie begin moet voortbou, wat die ontwaking volle vergestalting moet laat aanneem. Want dit is by uitstek diè taak vir die student van die P.U. vir C.H.O.

Maar in sy diepste aan Hom Wat gee sodat wat Syne is na 'n tyd van rentmeesterskap in volle oesvreugde weer na Hom kan terugkeer, bowenal ons dank vir wat begin kon word en ons seënbede oor wat voltooi moet word. Want Hy gebruik wel swakke mensekragte in Sy diens, maar—en dit is die heerlike—ook so tot Sy eer en verheerliking.

In Hom, en Hom Alleen, dan die skoner toekoms, ook vir ons studentegemeenskap.

T.V.D.W.

# *Wat soek ons: 'n „job" of 'n Roeping?*

## K.V.V. afsluiting met „Arbeidsopvoeding."

Op Donderdagaand, die 29e Augustus, het Prof. J. H. Coetzee onderskei tussen onderrig en opvoeding, tussen afrigting en voorbereiding in die Arbeidsvraagstuksiklus.

K.V.V. kan terugblik op 'n jaar van geslaagde werksaamhede. Vanjaar is die arbeidsvraagstuk aangepak en vanuit verskillende kante benader—soos u dit in die verskillende uitgawes van „Die Wapad" sal terugvind.



PROF HENNIE COETZEE.

**GRONDSLAG:**

Aan die mens as kroon op Gods skepping is die kultuurgebod gegee, waarmee die arbeidsopdrag verbonde is. As gevolg van die sondeval kan mens praat van slawewerk, in plaas van koninklike werk: Die mens is 'n gebore luiard!

Nieteenstaande die sondeval kan ons tog van die seën van die arbeid praat, want dink u in die ellende in as die mens nie kon werk nie.

**DIE GEBORE LUIAARD:**

Deur die eeue heen is gepoog om die minimum werk te verrig (en meesal word die vereiste daar bygevoeg: maksimum resultaat!), nogtans verdwyn die noodsaaklikheid van die arbeid nie! Deur middel van tegnisering van die arbeid vroeër, het die mens probeer om sy werk van hom af te skuif. Die remskoen van die noodsaaklikheid van die arbeid is die gemaksug en van die „afskuif" van die arbeid is wedywering.

**ARBEIDSTOERUSTING:**

Die gejaagde tempo waarmee die wêreld op sy einddoel afstorm: die hardloper, die fiets, die motorfiets en motor, die vliegmasjien . . . . al vinniger, al meer wedywering, al meer tegnologisering — Dit alles bring mee dat die voorbereiding al hoe meer perfeksionisties word, meer nog: om nie die pas te verslap nie, het die arbeidsopleiding hom skuldig gemaak aan arbeidsafrigting, arbeidsvaardigheid sónder arbeidsopvoeding. Daar is geen plek meer vir 'n arbeidspatroon, daar is ook geen tyd meer om stil te staan by lewensbeginsels nie!.

**FAKTORE:**

Ons het reeds die tegnologiese faktor aangeraak, as sosioloog het die geagte spreker op verskeie omstandigheidsfaktore gewys wat in verband gebring kan word met die landelike-stedelike lewe. In sy betoog, wat slegs die probleem stelling bevat het, het die spreker onder andere die kwessie van „kafferwerk" aangeraak: 'n woord sonder enige bestaansreg!

**OPLOSSING:**

Alle arbeid is roetine en alle arbeid bring mee dissipline. In ons christelike lewens- en wêreldbeskouïng ken ons nog woorde soos roeping en plig, maar in ons christen-wees skyn dit of die woord en daad twee tale spreek. Die posisie is nie te red deur hoër lone, korter werksure en ander aantreklikhede nie, maar wel opvoeding in die arbeidsvoorbereiding in die roepingselement.

Hoewel slawearbeiders, is ons tog geroepenes as mede-arbeiders vir Christus in die koninkryk van God!

## JONG SKRYWER OES WEEREENS LOF IN

Aan **Die Gebondenes**, 'n roman van André P. Brink is pas in 'n landswye historiese roman-wedstryd 'n tweede prys toegeken (die eerste is verower deur dr. Anna de Villiers). Volgens die beoordelaar, dr. G. S. Nienaber, munt **Die Gebondenes** bo al die ander ingeskrewe werke uit en is die tweede plek alleen meegebring deurdat die historiese stof net as agtergrond gebruik is en nie as kerntema nie.

Die roman speel af tydens die Groot Trek en die hooftema is ontleen aan die woorde van Rousseau: „Die mens is vry gebore, maar oral is hy in bande". Al die gebeure sentreer dan in die stryd van die hoofkarakter, om die volslae vryheid te vind—wat onmoontlik is en eers kom deur die dood tydens die Weenen-moorde.

Die roman, net soos die gesinsroman waarmee mnr. Brink verlede jaar 'n soortgelyke prys verower het, is nog ongepubliseer, maar sal hopelik voor die einde van aanstaande jaar in druk kan verskyn.

## WANNEER BEGIN ONS VOLGENDE KLAS „MY BOY"?!

U is iemand wat kan dink en, wat dinge kan sien soos hulle is en miskien soos hulle gaan word!

Het u al aan die moontlikheid gedink—gesien in die lig van die snelle ontwikkeling van die naturel op maatskaplike en ander gebiede, maar veral op opvoedkundige gebied—aan 'n nie-blanke P.U. vir C.H.O.? Mettertyd —dit moet u erken—sal daar meer en meer naturelle kom wat van dieselfde standpunt en van dieselfde beginselstandpunt en van dieselfde beginsels as ons toegedaan is!

Moet ons nie in hierdie rigting begin dink nie?

## DAAR SIT IETS MOOIS IN!

„Korps word deesdae net deur eerstejaars bygewoon, volgens ek verneem" (aldus Prof. S. P. van der Walt).

Dit kan ons van die Engelsman leer: 'n bietjie meer tradisievastheid (dit kom naby die karaktertrek standvastigheid); en 'n bietjie minder „maak-en-breek" mentaliteit. 'n Bietjie minder „o die tawwe Ek" en 'n bietjie meer **Christus** in ons (studente-) lewe!


**SONSKYN KAFEE**
TOMSTRAAT,
POTCHEFSTROOM
VIR U —
SIGARETTE,
LEKKERS,
KOELDRANKE en
TYDSKRIFTE.
EN ANDER VERVERSING
ASOOK
SNOOKER.
UITSTEKENDE DIENS.

**A. T. LUKE & KIE.**
APTEEK
ook
GRAMMOFOONPLATE
Gewone- en
Langspeelplate.

**FLEURETTE**
**BLOEMISTE**
Kerkstraat 91,
POTCHEFSTROOM.
Bestel a.u.b. **vroeg**
SPESIALE
AFSLAG AAN
STUDENTE.
TELEFOON 709

„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . !!"
('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)
BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n
**FIETS aan te skaf.**
**C. V.D. MERWE**
FIETSHANDELAAR

★
**WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL**
vir alle
SPORTUITRUSTING en
SPORTBENODIGDHEDE.
HARDEWARE




## Boekbespreking

# Tussen droefgeestigheid en blyheid

In 'n lang vakansie met baie sonnige dae en koue aande kon ek nie die verleiding weerstaan om 'n boek ter hand te neem, wat so baie penne in beroering gebring het. Miskien maak ek my skuldig aan 'n soort van literêre mode—in elk geval: mej. Sagan se „Bonjour Tristesse" het ek gelees. Twee indrukke het by my agtergebly: dié van bewondering en dié van . . . . tristesse. Bewondering vir 'n 18 jarige meisie, wat só boeiend en met sóveel menslike insig kan skryf („poëties en betowerend", sê die uitgewer).

Inderdaad „'n buitengewone talent"! Maar „un nouveau visage (nous) hantera: celui de la tristesse". Met meisieagtige ongekunsteldheid en rypheid beide lei Francoise ons in in 'n wêreld van „verbode" liefde . . . . enfin, poëtiese sonnigheid met 'n dik laag dekadensie. As U baie sterk is, kan U verder lees. Daar intussen al meer as 560 duisend ekss. (by Julliard—390 frs.) verskyn het, kon Francoise 'n luukse motorkar en ander „lekker" dinge koop. Was egter alte oormoedig en moes haar uitbundigheid amper met haar ryp jeug in 'n motorongeluk betaal. Aldus die kanttekeninge van literêre en nie-literêre blaaie—aldus ter illustrasie van 'n eindelose tristesse van vandag se jeug. Nie on-interessant, origens. Haar tweede: Un certain sourrire, beleef al-weer herdruk op herdruk. Ek bedank stigtelik.

Middel, begin en einde is die droefgeestigheid in die nog steeds meesterlike verhale van Franz Kafka: winterse lektuur, wat op sy mins by mens 'n oorweldigende indruk nalaat. „Gute Ware lobt sich selbst", veral nou dit ook in 'n goeie en goedkoop sak-uitgawe verskyn het. (Franz Kafka: „Das Urteil u.a. Erzählungen" Fischer-Bücherei, D.M. 1.90 — 3/9?)

'n Mens kry partymaal die indruk, dat sommige uitgewerye meer liefdadigheidsinstellings as sake-ondernemings is. Die geheim lê natuurlik in die groot oplaag, wat ook Annie Salomons: „Herinneringen uit den ouden tijd" maar f. 1.40 (3/9?) laat kos.

Met 'n buitengewone mensekennis en aanvoeling van karakters gee mev. Salomons hier kort lewenssketse van skrywers en digters o.a., wat sy persoonlik geken het. Met 'n baie vlotte pen beskryf, passeer o.m. Boutens, Boeken, Leopold, Top Naeff en Couperus die revue. Groot skrywersfigure sien sy in hulle bloot menslikheid en haar beskrywings het geen sweem van onfatsoenlike nuuskierigheid nie. Sy lewer hier 'n dokument van klein- en grootmenslikheid, wat egter die nederlandse litteratuur in die begin van hierdie eeu skuilgegaan het. Veral ook haar tipiese vroulike skryftrant maak hierdie boekie vir ons onvergeetlik en steeds herleesbaar. Ons sou dit derhalwe vir literatuurstudente wil verplig.

„Blyheid" (maar 'n gemengde blyheid) is die woord wat by my nà lesing van Gerrit Achterberg: „Spel van de wilde jacht" (pas verskyn) en Guillaume van der Graft (ps.): „Woorden van brood" (al geruime tyd verskyn) bly hang het. Watter plek ons die bundel van Achterberg in sy oeuvre moet gee, laat ek (uiteraard as leek) in die midde. Wèl wil dit vir my voorkom, dat hy hom hier nie altyd van sy sterkste kant laat sien. Hy assosieer soms te maklik—sy beeld is soms tè gesóg, maar dàn: „Beelden van Zadkine stonden moeders daar/babies boven de springvloed uit te beuren/Zonen zagen hun vaders medesleuren/wat word een ouder in je handen zwaar/. . . ." (Watersnood). (Uitg. Querido — f. 5.90: 14/6).

Na sy vorige bundels (m.n. „Mythologisch" en „Vogels en Vissen") stel Van der Graft in „Woorden van

(Vervolg van kolom 2.)

Brood" in een belangrike opsig teleur: dat ons soms te vestandelik is. Moontlik speel sy predikantskap hom hier parte. Tog moet ons die swaarste die swaarste laat weeg: Die ontsettende rykdom van sy taal, sy taalbeheersing en sy heerlike poëtiese temperament, wat afdwaal tot in die ingewikkeldste simbole—**simbool** is die geheim van sy meesterskap—en dan na vore spring in eenvoudige en deursigtige strofe soos die:

„want vrijheid is voor de mensen,
wat lucht voor de vogels is
en vrijheid is voor de mensen
wat water is voor een vis".

Ons het aangeland by 'n „woordeblyheid"—hierdeur is Van der Graft my amper die liefste van al die naoorlogse digters. Ek moet onder meer Rondenko hier uitsluit. (U.M. Holland — f. 2.75: 7/-).

Marcus D.

# *GEVRA : 'n paar skrywers.*

Min mense skyn dit vandag te besef, maar die Afrikaanse prosa staan op die oomblik voor 'n muur wat op die een of ander manier oorgekom móét word. Binne 'n paar maande na mekaar is Jochem van Bruggen en C. M. van den Heever oorlede en ofskoon dit dadelik gesê moet word dat geeneen van hierdie twee véél werke van blywende waarde gelewer het nie (Van den Heever: **Somer** en **Laat Vrugte**; Van Bruggen: **Ampie I, Sprinkaanbeampte van Sluis** en **Burgemeester van Slaplaagte**), moet ons dit tog aanvaar dat hulle behoort tot die seders van die Afrikaanse prosa. 'n Skrywer word immers gemeet aan sy beste werk.

Die toestand wat nou ontstaan het, bestaan kort en klaar uit 'n lugleegte wat so gou as moontlik gevul moet word; die behoefte aan 'n paar leidende Afrikaanse prosaïste is tans miskien groter as ooit tevore en die afsterwe van hierdie twee groot figure het dit baie duidelik na vore gestoot.

Laat ons kortliks die huidige toedrag van sake oënskou neem: Willem van der Berg is oorlede; Mikro het 'n paar sketsnovelles en **Klaradynstraat** gelewer, maar kan blykbaar nie teen sy huidige tempo iets goeds t.o.v. die roman lewer nie; Holmer Johanssen swyg; Van Blerk kan nie bo tipe-tekening tot die skryf van 'n groots-opgesette roman uitstyg nie; Abraham Jonker skryf nie meer nie; Hettie Smit swyg nog steeds na die **Sekelmaan;** Audrey Blignault is suiwer essayis, maar geen romanskryfster nie. Onder die heel jongstes is daar Vermaas, maar hy kon ook nog nie tot iets groots uitklim nie; Anthonie Roux openbaar 'n mate van belofte, maar daarby skyn dit ook te bly.

En of u dit nou wil aanneem of nie, wat oorbly is W. A. de Klerk. Één swaeltjie kan egter g'n somer bring nie en as daar nie binnekort iets groots na vore kom nie, gaan ons prosa 'n knou kry waarvan hy nie góu gaan herstel nie.

As in gedagte gehou word watter enorme opbloei die jongste Wêreldoorlog in haas alle Westerse lande in die prosa gebring het—ek dink veral aan Amerika, Frankryk, Nederland, Engeland—is die kwynende bestaan van ons eie prosa des te meer benouend. Dit skyn of ons hier te lande die wêreld met sy belewenisse aan ons laat verbygaan; ons is nog te behep met ons kleurstryd, ons Sappigheid en Nattigheid, ons Afrikaanse prestige om die blik verder te gooi en uit die dinge om ons en in ons dit te neem en te herskep wat blywend is.

Laat dit dan maar gesê word: ons is te adolessent om ryp te kan waarneem, uit onsself en oor onsself. Ons is nog te bang om seer te maak, te bang om geprik te word, te bang om aanstoot te gee—en les bes, te bang om groot te word.

En voor ons as volk volwasse is, kan daar nie uit ons midde skrywers verwag word om blywende werk te lewer nie, omdat 'n skrywer in hoë mate gevorm word deur die volk waarin hy hom bevind.

Die behoefte is dringend, maar dis nie in eerste instansie 'n behoefte aan skrywers nie: dis 'n behoefte aan 'n geestelik volwasse volk uit wie en vir wie daar geskryf kan word.

ANDRÉ P. BRINK.

## Puik Konsert van P.U. Musiekvereniging

Met die aanbieding van hulle toerkonsertprogram het die P.U.-Musiekvereniging sy vakansiebedrywighede op 'n hoë noot beëindig. Daar is met hoë verwagting na hierdie optrede uitgesien, temeer omdat uit Noord-Transvaal alleen gunstige kritiek op die musiekgehalte ontvang is. Die ietwat teleurstellende opkoms moet dus eerder aan die Oosterse Griep as aan akademiese kwellinge toegeskryf word.

In 'n kunstig-opgestelde program is daar voorsiening gemaak vir 'n ryke verskeidenheid van die heel beste musiek. Professor M. C. Roode, sowel as tydens die toer as reisvader sowel as koorleier opgetree het, het in 'n kort rede oor die geslaagde vakansietoer spesiaal melding gemaak van die gesellige gees wat voortdurend in die ge-

(Vervolg op bladsy 6.)

# Reuse saamtrek met Krugerdag

## PUKKE NA PRETORIA.

Die A.S.B.-takke van die studente te Pretoria, het vir Krugerdag 'n saamtrek van al die takke in Transvaal gereël. Ook aan die plaaslike tak is 'n uitnodiging gerig om daaraan deel te neem en die Bestuur kon nie anders as om dit te aanvaar nie. Tans word net gehoop dat die Pukke goed sal reageer sodat ons in volle sterkte daarheen kan opruk.

**PROGRAM:**

Dit beloof om 'n baie interessante dag te wees. Die reis sal per bus gedoen word en daar word gehoop om die môre vroeg hiervandaan te vertrek. Die res van die dag sal deurgebring word met 'n optog na die Krugerstandbeeld waar 'n toespraak deur 'n vooraanstaande volksfiguur gehou sal word; die bywoon van 'n voorstelling in die amfiteater en 'n besoek aan die Voortrekkermonument. Die terugreis sal die aand plaasvind.

**KOSTE:**

Tans word nog met die Greyhound Busmaatskappy onderhandel omtrent die prys, maar met 'n ruime ondersteuning van die S.R. word gehoop dat dit omtrent sewe sjielings en ses pennies sal bedra. In elk geval sal dit nie meer as tien sjielings kos nie. Indien die Pukke geesdriftig reageer, sal dit moontlik wees om vir minder as sewe-en-ses te ry.

**MOET GAAN:**

Op hierdie stadium is dit reeds nodig om 'n dringende beroep op die Pukke te doen om aan die saak hulle volle ondersteuning te verleen. Hier het die A.S.B. die geleentheid om aan die buitewêreld te wys dat hulle waarlik iets kan doen en nie net praat nie. En veral die P.U. vir C.H.O. met sy trotse volkstradisie kan nie hier 'n floue en powere belangstelling toon nie.

Vandaar dat hiermee 'n beroep gedoen word op die Pukke wat dit enigsins kan bekostig om die geldjies van die huis af saam te bring en hulle solank op te sweep vir die eerste saamtrek wat die A.S.B. gaan hou. Indien dit 'n sukses sal wees, sal die A.S.B. nog 'n mylpaal bereik het en kan dit 'n jaarlikse instelling word waarop Bond alleen trots kan wees.

## DIE MAAN HET GEBLOOS . . . . .

Die maan het nie eers 'n kansie gekry om sy regmatige deel te hê in Christien van der Merwe en Peet Duvenage se verlowing nie, want hulle moes hulle glo haas om die middag nog betyds verloof te kom voordat die gaste vir die partytjie van die aand sou opdaag!

'n Musieklike kys wat groot belangstelling gaande gemaak het, is definitief dié van Carl Sander en Annemarie Pretorius.

Die toere van Thalia en Alabama is al albei afgesluit met gesellighede, en tog duur die gevolge nog voort. Mag dit lank blywend wees, indien komplikasies intree!

## SLEEP OF NIE?

Op Woensdagaand die 28e Augustus het Harry Brinkman oor Studente-Varia vir die Afrikaanse Studentegemeenskap vertel van die Nederlandse Studentelewe.

In hierdie program het Harry Brinkman daarop gewys dat die studentelewe gekenmerk word deur apartheid van geslagte.

Of ons studentelewe na die onlangse reorganisasie meer of minder gekompliseerd geword het, is vir u om te besluit; máár gaan óns ooit ons sleepsels in óns studentelewe prysgee? (Ou Schalk Buys sê **NÊVAR!**) Die linksgesinde seksie—wat maar weiniges tel—sal miskien meer vir soiets voel!)

(Vervolg van bladsy 5.)

**MUSIEKKONSERT**

selskap geheers het, selfs onder minder gerieflike omstandighede. Die eerste deel van hul program het bestaan uit gewyde werke en is geopen deur die P.U.-Studentekoor.

Daarna het ons die beloofde blokfluit-ensemble gehoor in twee korale van Bach en ‚Aller Augen' van Schütz. Die Ensemble was werklik 'n aangename verrasing, met 'n verdienstelikheid wat des te groter is wanneer 'n mens in aanmerking neem dat dit eers in die tweede kwartaal gestig is.

Pieter Snyman het daarna Chopin se Scherzo in C mineur gespeel en homself onderskei as baie belowende pianis, veral wanneer 'n mens dink aan daardie moeilike oktaafpassasies wat hy met soveel gemak kon uitvoer.

Mej. Karinie van der Merwe het vervolgens drie Afrikaanse komposisies gesing. Eerstens, ‚Kokkewiet' van Lemmer—'n bekoorlike werkie—wat mej. Van der Merwe tot sy volle reg laat kom het in haar suiwer, soet sopraanstem. Daarna het gevolg ‚Geboorte van die Lente' en ‚Sluimer Beminde' van Le Roux-Marais. Mej. Van der Merwe het beslis die gehoor se harte gesteel met die natuurlike spontaneïteit van haar bekoorlike vertolking.

Na die ‚Fantasie-Impromptu' van Chopin, 'n klaviersolo waarvan mej. Retha Oosthuizen veral die stadiger middelste deel baie gevoelvol gespeel het, het mnr. Wegelin goedgunstiglik die benoude organiseerders uit die knyp gehelp met 'n vioolsolo! Hy het gespeel in die plek van mej. Sauerman wat ongelukkig nie teenwoordig kon wees nie.

Hierna het gevolg twee sangduo's deur mejj. Karinie van der Merwe en Hildegarde Endemann, wie se stemme pragtig saamgevloei het.

Met twee kanons het die dameskoor hul veelsydigheid bewys, nl. dat hulle met net soveel sukses kan inleef in die vertolking van ligter, komiese werke. Die gemengde koor het gevolg met 'n vyfstemmige werk van Morley wat reeds met 'n vorige geleentheid hier gehoor is: ‚Now is the month of Maying'.

Na die pouse was die koor weereens aan die beurt met twee werke, dié keer meer in die volkstoon: ‚Afrikaners Landgenote,' en professor Roode se verwerking van ‚Sarie Marais'. An hellen Tagen' van Gastold, 'n verdere blokfluititem, het gevolg, waarna mnr. Wegelin weer mej. Sauerman se plek ingeneem het in Mozart se Rondo vir twee sopraanblokfluite (bespeel deur mej. Johline Laubscher en mnr. Christie Roode) en viool.

Mezzo-sopraan Hildegarde Endemann het met suiwer aanvoeling twee pragtige liedere gelewer: ‚Vergebenliches Ständchen' van Brahms, en ‚Rose softly blooming" Spohr. Mnr. Pieter Snyman het vervolgens 'n briljante weergawe van Lizt se tweede Hongaarse Rapsodie gegee, en sy vertolking van die moeilike werk het beslis die entoesiastiese applous verdien. ‚L'amero' van Mozart is nou gesing deur mej. Karinie van der Merwe, terwyl mnr. Wegelin weer met die viooldeel behulpsaam was.

Besonder goedgekies was die laaste koorwerke. Na 'n pragtige weergawe van die altyd-gewilde ‚Gaudeamus Igitur', volg twee werke wat weerspieëlend is van ons universiteitsgees, albei toonsettinge van professor Roode, nl. ‚In U Lig' en die ‚Alma Mater'—wat seker lanklaas, indien ooit, so mooi weerklink het deur ons studentesaal.

Die program was dus uit die hoogste rakke, en ons wil graag hê dat die P.U.-Musiekvereniging moet weet hoe opreg ons hulle moeite en toewyding waardeer.


**HAROLD'S**
**AUTOMOBILE SERVICE STATION.**
Kerkstraat 220 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
Voorraadhouers van alle
**Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.**

**CORNER FRUIT STORE**
★
„U KEN ONS!!"

**PRO REGE-PERS**
**Boekhandel**
en
**Antikwariaat.**
vir al u
Wetenskaplike Boeke
en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 95 — Telefoon 1164

**J. HEIDEMA**
Kerkstraat (teenoor Geref. Kerk.)
Vir FIETSE.
Vir ZÜNDAPP Motorfietse.
Zündapp model KS 601 £348
Zündapp model 200S £183/2/6
Zündapp Combinette £81/10/-
Zündapp Combimot Fietsmotors £39/-/-

**Studente . . . !!**
vir al u
- Handboeke,
- Skryfbenodighede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS!
**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**
Kerkstraat 126 —Telefoon 497

**DIE BULT**
**Algemene Handelaar**
Von Wiellighstraat 46,
Foon 2025.
**KRUIDENIERSWARE, SIGARETTE en LEKKERS**

# Cassawali se Winterslapie.

So terloops verneem Cassawali dat baie mense nuuskierig is hoe hy sy lang stilswye gaan verklaar. Hy wou nie sy vakansie deurbring sonder spekskiet van die Groot Raad, lawaai van die Heimatkompleks en verwarmende glimlaggies van die 'Puk se ‚ladies' nie. (Verskoon sy taalgebrou, hy was kort gelede nog onder invloed van verderflike angliserende invloed, weg van „Dok Harry" se vriendelike sarkasme).

In any case, hy het drie **toere** om die beurt bygewoon, en a ha! oe la la! ! Hy was om die beurt geïmponeer deur **die Prof** se dapper musieklike leiding (lang y), **Vader Daan** (hulle sê hy't 'n bul ingesluk) se steun en **'n Hollander** se nie-lysie-grappe!

**ALABAMA** het vir hom die gaafste gelyk en hy het hom gaan tuismaak in **Petro** se blonde/donkerbruin—krulle—**KLIPPE** en **LEEUS** was egter lastig, daarom voeg hy hom toe maar by die „grim" ma, **Sarie** en kyk toe **Piet** hom verlustig in die donker kykers van 'n nooientjie in Oostenrykse volksdrag. Hy—Cassawali—het nog dinge gesien en gesien kom ook, maar watwo! al het die Pukke hom leer skinder, hy sê liewer net dit wat ander ook al weet!

Heimwee na die moederlike **Retha** het hom oorval en hy het met 'n tor in sy keel vir die **Hennies ‚cheers'** gesê en by Nylstroom veilig in **Bernice** se skoot geland sonder dat iemand, selfs nie eers **Nardus die Droomer** dit agtergekom het nie. Cassawali kon hier sien hoe **Karel Sander** sy hart desperaat toesluit vir ander lieftallige musieklikes en tandeknersend planne beraam om swaer **Dirk** se voorbeeld te volg as **sy** heelhuids uit Alabama-kloue kom! Gou is hy egter vies vir al die modder en toe Swart Chris hom nog agteruit in die rivier wil laat beland, sit hy sy voet neer (sy figuurlike voet natuurlik) en weier om 'n tree verder te ry en hy wil sommer met viool en al voetslaan Pretoria toe.

Hy kry inligting by **Cornie** oor die **Van Bommels** en toe sweef hy met 'n swaar hart na Heidelberg waar hy vir **Sottie** wat nou kort 'n seuntjie gekry het, weer sien. Hy was min lus vir die klomp toneelspelers en oe la la! ! hy wil nou nie skinder nie . . . . . maar . . . . . gee my ‚a break' dat ek net uitpluis wat Cassawali toe al sien kom het: **Dit: Van Bommel** verneuk sy vrou en lol met die grimeersters, **Tannie van Bommel** sê toe „goed-ja!" en sit haar dogter uit by haar skoonseun, (skandelik—mens kan maar net wonder)! **Meeuwissen** lol eers met die een dogter (Casawali het 'n photi as bewys!) en toe vang hy die blom van die toer wat goed kan grimeer. Die **President** lê aan by altwee dogters en nog openlik op die verhoog by die **huismeid. Schreuder** verheug hom in 'n donkerogige programmeverkoopster. **Van Batenburg** merk dat sy sarkasme die aanvallige souffleuse nie ‚afswitch' nie, en ons vriend **Roeltjies** leer knipoog vir al die dames! Net **Ansa** en **Sussie** bly soet en **Cobus** het sy hande vol om om die beurt sy kamera en die ligte te fliek, terwyl die **Dominee** en **Advokaat** om die beurt toesig hou, skaakspeel, slaap en verlang!

Die end van die storie is dat Cassawali versneeu het en toe hy weer versmelt was Thalia al besig om te smelt op die grens.Cassawali het toe maar teruggekeer na sy lêplekkie om te peins oor die verloregaande Pukjeug! Eers op die 1ste September kon hy weer die ou morbiede gedagtes afskud en nou moet Cassawali hom net elkers keer om nie self verlore te gaan(d) in die lente weelde nie!

Aan alle ambisieuses sê Cassawali **sterkte** vir volgende week—mag almal se ideale verwesentlik word!

## MAAK EN BREEK?

'n Kwessie wat op die oomblik weer akuut is, is die van erekleure en kleure.

Die kleurbaadjie wat ons dra is simbool van ons Universiteit in die buitewêreld en as ons sodanig moet die draer van die P.U. kleure ook steeds in sy optrede bewys wees van die leuse wat op die wapen staan: „In U Lig". Indien sy optrede nie dáarmee in ooreenstemming is nie, is hy in die eerste plek nie kleure werd nie, allermins erekleure.

In ons kopstuk lê opgesluit: wegbreek van beginsels, wegbreek van tradisie (tradisie is geen slegte gewoonte nie) en ook eiewilligheid; immers as 'n pad verlaat word slaan jy altyd 'n nuwe pad in al is dit 'n grondpad.

Verwag om met klppe gegooi te word wanneer oor kleure en die dra daarvan gehandel word, want die man met beginsels word eerste in stryd betrokke, maar weet dan: U is draer van die leuse van u Universiteit, wat tewens u maatstaf is.

## AANDAG, PATRIOTTE

Mnr. Johan van der Vyver, bekend in A.S.B.-kringe as president van die A.S.B., gaan na die Internasionale Studentekonferensie in Nigerië.

Nusas, wat op die I.S.K. sitting het, verteenwoordig die S.A.-studentegemeenskap. Die A.S.B. is van mening dat Nusas nie die reg het om die hele S.A.-studentegemeenskap te verteenwoordig nie, aangesien Nusas slegs 'n gedeelte van die S.A.-studente kan verteenwoordig; die „linksgesinde-groep".

Mnr. Johan van der Vyver gaan die saak van die Afrikaanse Student (veral i.s. apartheid) stel en as die geleentheid geskik lyk sal hy namens die A.S.B. aanvra, dat die A.S.B. 'n gekwalifiseerde lidmaatskap sal verkry om die verteenwoordiging volledig te maak. Hy neem P.U. en A.S.B. se antwoord op die R.I.C. verslag op apartheid t.o.v. hoër onderwys in S.A.

Dat dit 'n belangrike sending is lê in die doel voor die hand: Om die standpunt van die S.A.-student en die Afrikaanse volk, waarvan hy deel is, aan die buitewêreld te stel en dit dan veral teenoor medestudente; om tweedens nouer kontak met medestudente van elders te bewerkstellig, sodat hy (ons) van hulle en hulle van hom (ons) kan leer!


**W. J. SPAVINS & SEUN**
vir alle
***Elektriese Benodigdhede***
KOELKASTE • RADIO'S
Kerkstraat 101 — Potchefstroom.
Telefoon 185.

PUKKIES!!
SPAAR JULLE ENERGIE
VIR GROTER DINGE
BESOEK:
KOLLEGE
ONTWINKEL
PUKKIES!!
VIR:
• TOILETWARE
• SKOONHEIDSMIDDELE
• SKRYFBEHOEFTES
• VULPENNE
• HORLOSIES
• EETWARE en alle
• STUDENTEBENODIGHEDE.
Hierdie is die winkel waarna julle al jarelank smag.
H/v Tom- en von Wiellighstrate.

**UNIE BAKKERYE**
Posbus 244 — Foon 167 en 1086.
BROOD, KOEK en PASTEITJIES.
Bakkers en Banketbakkers
vir alle geleenthede
TROU, VERJAARDAG- en
DOOPKOEKE.
Kerkstraat 60, Potchefstroom.
Spoorwegstraat, Klerksdorp.

**JAY'S GARAGE**
(K. NODEL, Eienaar)
Lombardstraat 5, Foon 175,
POTCHEFSTROOM
Voorraadhouers en Handelaars in
• MASSEY-HARRIS TREKKERS
• PLAASGEREEDSKAP,
• PLANTERS en STROPERS,
• S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.

**SAAMWERK WINKEL,**
VON WIELLIGHSTRAAT 35
Foon 515
Algemene Handelaars
KRUIDENIERSWARE,
HARDEWARE,
KLERASIE,
en SKRYFBEHOEFTES
"Kom ondersteun ons Pukke!"

**OOSTHUIZEN**
**Kole-agentskap.**
Kerkstraat 104—Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.

# THEOS wen en verloor

Die afgelope twee weke was vir Theos 'n tydperk waarin rugby gespeel is asof hulle op toer was. Wits en die Swartetjies het terdeë uitgevind dat die Theosmasjien nog goed kan werk na die lang vakansie, hoewel Klerksdorp en Lichtenburg koning gekraai het oor ons eerste span.

**WITS., WOENSDAG, 21 AUGUSTUS:**

In die wedstryd teen Wits op Ellispark het mense die indruk gekry dat Theos baie verder moes gewen het as net 5—3. Ons manne was die Witsies heeltemal oor en die titaniese stryd wat tussen Piet Steinberg en Davies gewoed het, is beslis in Piet se guns beklink. H. B. van der Walt het op agsteman baie voortreflike spel gelewer en beslis beter vertoon as sy Transvaalse teenstander, Clough, wat ook sy span se punte d.m.v. 'n strafskop aangeteken het.

Die agterlyn het nie veel uitgerig nie, veral omdat Wits. se agterlyn baie vlak op die verdediging bly lê het. Nogtans het Joh. Hoogenboezem getoon dat hy besig is om in 'n gevaarlike vleuel te ontwikkel. Hy het dan ook die enigste drie van die dag gedruk wat deur H. B. van der Walt vervyf is.

**KLERKSDORP:**

Op Saterdag, 24 Augustus, moes Theos die knie buig voor Klerksdorp op 'n modderveld wat die Springbokke van 1956 aan Nu-Seeland sou herinner. Die eindtelling was 9—3.

Aangesien Theos sonder vyf van sy gereelde staatmakers, o.a. die kaptein en onder-kaptein, moes klaarkom, het Frans de Bruyn die Pukke in hierdie „gala" gelei. Die lynstane het taamlik gelykop verloop maar ten spyte van Steyger se teenwoordigheid in die Klerksdorppak, het Theos die skrums gedomineer. Alle eer kom Casper Lessing hiervoor toe. Klerksdorp se agterlyn het beter vertoon as die van Theos en dit is hoofsaaklik te danke aan die behendigheid van hul losskakel, Swemmer. Hoogenboezem het weereens skitterend vertoon en Wilkens besonder goed dopgehou. H. B. van der Walt het Theos se punte met 'n strafskop aangeteken.

**P.O.K., WOENSDAG, 28 AUGUSTUS:**

In 'n baie opwindende wedstryd het Theos die baasskap herwin (en Mic Moolman sy hare verloor) toe hulle die Swartetjies 11—6 geklop het. As Kerrie Kruger sy skopskoene aangehad het, was dit seker iets soos 27—6.

Harde werk van Maartin van der Walt het Theos bobaas gemaak in die lynstane terwyl Casper vir die res in die skrums gesorg het. Alfie Huyser het 'n baie goeie spel gelewer en baie bygedra tot die sukses van Theos se agterlyn. Steenkamp, Hoogenboezem en Steinberg het drieë gedruk vir Theos waarvan Kruger een vervyf het.

**LICHTENBURG, SATERDAG, 31 AUGUSTUS:**

Die grootste pak wat Theos in 'n lang tyd op die lyf geloop het, is die van 21—5 teen Lichtenburg. As hierdie wedstryd in die geheue opgeroep word, doem drie gesigte voor jou op: Baartman, Oberholzer en Le Roux. A.g.v. perfekte samespel het Lichtenburg Theos in die eerste helfte reeds met 16—0 van hul voete gehad. Hulle het eenvoudig oor die Pukke geloop asof hulle nie daar was nie. Na rustyd het dinge egter anders verloop en Theos het beslis beter as hul teenstanders vertoon. Hulle was dan ook ongelukkig om nie meer punte aan te teken nie.

Hennie van der Walt het voortreflike spel op losskakel gelewer nadat Kerrie Kruger beseer is. Hy het sy span se enigste drie (deur H. B. van der Walt vervyf) aangeteken. Maartin van der Walt en Casper Lessing het baie goed vertoon in die los. (Dit is jammer dat Piet Steinberg te veel rondhardloop op flank.) Hoewel Bussie Bothma effens swaar geleef het teen Mosjes Roux, het Frans de Bruyn oom Flippie Roode kwaai opdraend gegee. (Terloops: Frans en Maarten word nou regtig voorspelers van formaat.)

Aanbeveling: As Theos weer teen Lichtenburg speel, hou asseblief die bal weg van BAARTMAN, OBERHOLZER en LE ROUX.!

## VRYHEID VAN DIE PERS!

'n Skitterende ontdekking het onlangs aan die lig gekom:

„Die Wapad" is vry om enigiets (in ooreenstemming met ons leuse en beginsel) te plaas. Op die voorblad van „Die Wapad" staan: „Studenteblad van die P.U. vir C.H.O." en op bladsy twee staan: „Die Wapad, offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O."

Dis nuus mense!

## NAVY WORD STAATMAKERS.

In die afgelope paar wedstryde het Navy weereens getoon dat hulle nie onderskat mag word nie.

Die WITSIES is in 'n harde, taai wedstryd, veral gekenmerk deur stewige voorspelerspel, tot 'n gelykopbeslissing van 3 elk gedwing. Geeneen van die pakke voorosse het mekaar enige genade betoon nie. Maartin van der Walt het telkens die oog gevang met sy stewige vertoning in die lynstane. In die agterlyn het „Oom" Kas Kruger vir 'n paar mooi lopies op die vleuel gesorg. Die punte is vir Navy aangeteken deur Steyn Swanepoel met 'n strafskop, terwyl die Witsies, wat ook nie deur die stewige verdediging kon dring nie, ook met 'n strafskop tevrede moes wees. 'n Sterk wind het die agterlynbewegings tot die minimum beperk.

Dit het feitlik al tradisie geword dat Navy afreken met die opposisiespan van die SWARTETJIES. Vanjaar was dit ook weer so met 9—6. In teenstelling met die wedstryd teen Wits, was dit gekenmerk deur voorspelersormlope en agterlynbewegings. „Oom" Kas Kruger en Nic Viljoen het na mooi lopies langs die kantlyn af, agter die doellyn gaan kuier. Charlie Williams het sy deel bygedra deur 'n moeilike strafskop in punte om te sit. Verder was die wedstryd gekenmerk deur die aangename gees waarin dit afgespeel is.

Gedurende die naweek het die span van LICHTENBURG aan die beurt gekom. Vanuit die oogpunt van die toeskouer, was dit beslis 'n onaantreklike wedstryd wat op harde veld tussen die voorspelers uitgespook is. Mooi bewegings is net nie gesien nie, hoewel daarin geslaag is om die sterk span van Lichtenburg in toom te hou. Die eindtelling was 3 elk nadat Charlie Williams wat harde bene op losskakel moes kou, 'n strafskop deur die pale geklits het.

(Berig deur N. J. V.)

# Ondersteun ons adverteerders

GEDRUK DEUR ENSLINS, POTGIETERSTRAAT 31, POTCHEFSTROOM

**PRESIDENT CAFE**
and
**GRAND CAFE**
FOR:
• SWEETS,
• GRILLS
and
• COOLDRINKS

**MOOIRIVIER-APTEEK**
Kerkstraat 205,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380
**Die Apteek vir Diens!!**

**ARCADIA**
Dames- en Mans-
**HAARKAPPERS**
VIER GEKWALIFISEERDE
HAARKAPPERS TOT U DIENS.
„Netheid en Kwaliteitswerk"
is ons leuse.
**Rokersbenodigdhede en Fantasiegoedere**

**DIE BULT SKAATSBAAN**
„PUKKE ondersteun ons vir
AANGENAME
ONTSPANNING"
Oop vanaf 7.30 in die aand

**J. P. van der WALT APTEEK**
Kerkstraat 161 — Potchefstroom
„ONDERSTEUN 'N OUD-P. U. KANER!"
**Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.**

**WESTVAAL**
Studente !!!
VIR KWALITEIT
DROOGSKOONMAAK
STUUR NA
**WESTVAAL**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
• Wynsoorte
en
• Spiritualieë